# BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

SEPTEMBER 2014 Nr 50

## IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

### My pyn, my geheim!

Philip Wagner skryf oor die pyn wat elke dominee op een of ander stadium ervaar. Dalk help dit ons om dit te besoek en weer te onthou dat ék nie alleen is nie en dat hierdie 'n gemeenskaplike deel is van ons werk.

**Kritiek:** Hier is die voorbeelde eindeloos. Preke is te lank, musiek te hard, die jeug gaan verlore. Ons sal moet leer om kritiek objektief te hanteer, daaruit te haal wat nodig is en aan te beweeg.

**Verwerping:** Lidmate verlaat die gemeente, leiers verlaat die gemeente en vriende verlaat die gemeente. Die realiteit – mense verlaat die kerk. Hoe kleiner die gemeente, hoe meer pynlik. Die feit is dat mense oraloor die kerk verlaat. Die maklikste is heel moontlik om 'n dik vel te hê en 'n sagte hart.

**Verraai**: Soort van die Judaskus. Daardie leier wat met persoonlike sake vertrou word. Leiers wat met inligting en posisies vertrou word – net om dit tot hulle eie voordeel te gebruik en eie koninkryke te bou. Soms gebeur dit ook tussen die personeel van die kerk – met verreikende gevolge.

**Eensaamheid**: George Barna het vroeër bevind dat 70% van alle predikante nie 'n naby vriend het nie. Nie iemand wat hy of sy kan vertrou nie. Ons weet almal hoe belangrik dit is. Goeie verhoudings en kwaliteit vriendskappe is onontbeerlik.

**Tamheid**: 25% van ons kollegas verlaat die bediening binne die eerste vyf jaar. Roeping loop oor in die verrigting van 'n klomp take vir die gemeente wat niks met roeping te make het nie. 'n Tamheid oorweldig dan die meeste van ons. Die glas is half leeg, besoedel en is ondrinkbaar.

**Frustrasies en Teleurstellings**: Dit kom op verskeie maniere. Krimpende gemeentes met krimpende begrotings steel my en my gesin se sekuriteit en nie net is dit 'n teleurstelling nie, maar ook 'n frustrasie. Wanneer dit nie moontlik is om in al my gesin se behoeftes te kan voorsien nie. My harde werk waarborg ook nie sukses nie – hoe meet ek dit in elk geval? Ons begroting klop nie – maar wee my as ek oor geld praat/preek.

Dink hoe ons mekaar kan help as ons dit kan deel.
Wanneer iemand sy/haar pyn met my kan deel…

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...
Gerhard Botha

## VBO-VOETPAD

**15 – 16 SEPTEMBER 2014:**
**KURSUS IN BEDIENINGSVERNUWING:**
**Module 2:** *Oor Gemeentes deel van die probleem of deel van die antwoord?*
**Aanbieder:** Prof Kobus Schoeman
**Plek:** UV, Teologiese Fakulteit, Kamer 120
**Tyd:** 09:00
**VBO-punte:** 20 per module

**Registrasie: SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029**
**Sodra ons u naam ontvang het, stuur ons vir u die registrasiebesonderhede.**

**22 SEPTEMBER 2014: Kategese:** Die *Smartie*boksie van die kerk
Aanbieder sal nog bekend gemaak word.
**Plek:** Bloemfontein
**VBO-punte:** 5

**Registrasie: SMS D57282 en u naam na 31029**

**1 – 3 OKTOBER 2014: *FRESH EXPRESSIONS***
**Sameroeper:** Nico Mostert
**Plek:** Bergville
**VBO-punte:** 20
**Verdere inligting sal later bekend gemaak word.**

**10 – 12 NOVEMBER 2014:**
**KURSUS IN BEDIENINGSVERNUWING:**
**Module 3:** *Oor ons konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan.*
**Aanbieders:** Rian Venter en Gerhard Botha
**Plek:** UV, Teologiese Fakulteit, Kamer 120
**Tyd:** 09:00
**VBO-punte:** 20 per module

**Registrasie: SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029**

*Like* ons op Facebook:
*Shepherd Centre UFS*
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

Fakulteit Teologie UV, *Shepherd* Direkteur: Dr GP (Gerhard) Botha, Programbestuurder: Marina Oberholzer Tel: 051- 401 3995 Epos: shepherd@ufs.ac.za